
| **Suiderstrand Gemeenskap, Bewaring en Brandvoorkoming Vereniging**<br><br>E-pos: Suiderstrand.Association@gmail.com |  |
|---|---|



Die Suiderstrand Gemeenskap-, Bewaring- en Brandvoorkomings Vereniging (Suiderstrandvereniging) stel met trots ons Visie en Missie aan u bekend.

**VISIE**

Suiderstrand, omring deur die Atlantiese Oseaan in die suide en die Agulhas Nasionale Park landwaarts, is 'n eko-vriendelike gemeenskap, waar

- inwoners saam werk om die natuurlike omgewing en karakter van die Strandveld ('n tipe Fynbos) en kus te beskerm, sodat die natuurlike fauna en flora bewaar word vir die nageslagte;
- inwoners en besoekers kan snags veilig in die sterreruim se lig stap of ervaar hoe die maan 'n skaduwee gooi (Donkerhemelruim gemeenskap);
- kinders kan veilig in die straat stap en speel, fauna en flora in hul natuurlike toestand ervaar en die pragtige strande en seelewe geniet.

**Missie**

Die Suiderstrandvereniging is gestig as 'n regspersoon om:

- die gemeenskap aan te spoor om saam te werk om 'n 'gevoel van plek' te vestig, waar inwoners en besoekers die natuurskoon ervaar en op 'n volhoubare wyse bydra tot die bewaring daarvan;
- die bewaring van die natuurlike kus en Strandveld-ekosisteem, fauna en flora wat Suiderstrand se natuurlike habitat en omgewing kenmerk (biodiversiteitsintegriteit) te fasiliteer;
- die brandvoorkoming, brandbestryding en noodreaksie-aktiwiteit vir die Suiderstrand-gemeenskap te fasiliteer; en
- om verhoudings en vennootskappe met Agulhas Nasionale Park (SAN Parke) en plaaslike en streeksowerhede (soos KAM, ODM, Greater Overberg Fire Protection Association, CABA en Cape Nature) te vestig.

Die Suiderstrandvereniging lidmaatskap is beskikbaar aan alle eienaars en inwoners van Suiderstrand en word aangemoedig om lede te word.

Lidmaatskap kos R150 (minimum donasie) per jaar.

**DRUK HIER vir die Lidmaatskapvorm en stuur asseblief die voltooide vorm per e-pos terug.**

**Vir ‘n afskrif van die Suiderstrandvereniging Grondwet DRUK HIER**

Afskrifte van die Grondwet en Lidmaatskapvorms kan ook verkry word deur ‘n e-pos aan die Suiderstrandvereniging te stuur.

E-pos: Suiderstrand.Association@gmail.com

15 Oktober 2023